Voorste sakeskool help lei mentors vir Afrika op

Die Centre for Creative Leadership (CCL), een van die wêreld se top-10-sakeskole en internasionaal erkende kundige op die gebied van leiersontwikke- ling, het pas plaaslik 14 mentors bestaande uit 13 Suid-Afrikaners en 'n Britse burger opgelei om die sakeskool se leierskapprogram verder in Afrika uit te brei.

Dit volg op die CCL se eerste leierskapprogram in Suid-Afrika wat in Augustus op Stellenbosch aangebied is. Dié program is vir bestuurslui aangebied ingevolge 'n ooreenkoms tussen USB Bestuursontwikkeling (USB-BO), die openbare opleidingsmaatskappy wat deel is van die Universiteit Stellenbosch Bestuurskool, en die CCL.

Die opleiding van die mentors word gedoen ter voorbereiding van 'n volgende leierskapprogram wat van 9 tot 11 Maart op die Bellville Park-kampus van die USB aangebied sal word.

Mnr. Patrick Stichelmans, hoofassessor en onderrig-talentbestuurder van die CCL, sê Suid-Afrika het 'n groot bron van leierspotensiaal wat bloot ontwikkel moet word. Dit het net 'n gestruktureerde benadering nodig, asook die nodige geld. Voorts is dit duidelik dat bestuurslui taamlik vinnig opgang in organisasies maak, wat 'n groot behoefte aan opleiding en onderrig vir leierskap skep.

Die CCL beskou Suid-Afrika as die brug na die res van Afrika en spesifiek Sub-Sahara Afrika.

Die 2009-leierskapprogram is veral daarop gemik om met bewese metodes leierskap en leiersbekwaamheid by bestuurslui te kweek.

As deel hiervan word 'n ware evaluasie van 'n persoon se leierstyl gedoen en bepaal hoe 'n persoon se persoonlikheid en manier van kommunikasie sy vermoëns beïnvloed om ander persone te beïnvloed en konflik op te los.

Vir meer inligting, stuur gerus 'n e-pos na info@usb-ed. com.

– Carin Smith

Ligte moet af vir WWF-veldtog

Die reklame-agentskap Saatchi & Saatchi se Kaapse tak is aangewys om te help sorg dat 'n miljoen Suid-Afrikaners aan die WWF-SA se Earth Hour 2009-projek deelneem.

Luidens 'n verklaring wat namens die WWF uitgereik is, gaan 64 lande na verwagting vanjaar aan die projek deelneem.

Die doelwit is om 'n miljard mense in sowat 1 000 stede dwarsoor die wêreld te kry om hul ligte op Saterdag 28 Maart vir 'n uur af te sit as teken van steun vir 'n volhoubare toekoms.

Bekende Suid-Afrikaners soos emeritus-aartsbiskop dr. Desmond Tutu en Kaapstad se burgemeester en leier van die DA, me. Helen Zille, het klaar aangedui dat hulle beslis aan die veldtog gaan deelneem. **– Carin Smith**